FALCON FOCUS

UITREIKING 49 • FEBRUARIE 2016

WEES VEERKRAGTIG EN STAAN VAS

beginselvas wees en gereed vir wanneer toestande weer positief raak, wat sonder twyfel sal gebeur. Soos in die vorige Falcon Fokus genoem is, het ons Navorsing-

AMAZONE ONDERDELE

Die jaar 2015 sal om baie verskillende redes in Suid-Afrika onthou word. Die ergste droogte in 100 jaar in sommige gebiede, drie ministers van finansies in 'n paar dae, die rand se daling na sy laagste vlakke ooit, en – om dit alles te kroon – internasionale rugbynederlae in een jaar teen Argentinië en Japan. Nader aan ons het ons maatskappye sien sukkel, en het Greenfields (Foton), Reapers en Landmech almal onlangs hulle deure gesluit.

Ons almal moet in hierdie moeilike tye veerkragtig wees (gehard, sterk, taai, robuust, moedig en duursaam) en sterk staan (ferm, saam, vasberade, toegewyd, lojaal, betroubaar en vertroubaar). Ons moet

en-ontwikkelingspan 'n reeks plaaslik-vervaardigde vleëlsnyers, met snywydtes van 1,5 tot 2,3 m, begin ontwikkel. Hierdie vleëlsnyers is nou in produksie en word alreeds in weidingbestuurtoepassings in die suiwelbedryf gebruik, asook in baie ander grastoepassings. Ons is ook tans besig om die snyer in boorde te toets, waar dit gebruik word om snoeisels fyn te kap en te verpoeier. Hierdie proewe behoort teen einde Mei 2016 afgehandel te wees.

Soos jy weet, is Falcon die alleeninvoerder van Amazone-implemente en -onderdele na Suid-Afrika en sekere lande in sub-Sahara-Afrika. In vennootskap met Amazone is daar nou 'n strategie om verder in Afrika in uit te brei en dit het 'n vereiste van die Invoerdersooreenkoms geword dat Falcon die Amazone-onderdele moet invoer en versprei. In die lig hiervan het Falcon en Prodist ooreengekom dat Falcon met ingang 4 Januarie 2016 die verspreiding van Amazone-onderdele sou terugneem. Ons vertrou dat ons aan jou verwagtinge sal voldoen. Moet asseblief nie huiwer om ons te kontak as dit nodig sou word nie.

Wees asseblief verseker dat ons pryse baie noukeurig dophou en dat ons een van die min maatskappye is wat nie ons pryse opgestoot het toe die rand getuimel het nie, wat aan ons die voordeel besorg het van voorraad met laer pryse vir ons klante. Ongelukkig het hierdie voorraad nou opgeraak en was ons dus verplig om ons pryse vanaf 8 Februarie 2016 te verhoog.

En ten slotte: Ons sien uit na 'n meer positiewe 2016, en die onlangse reëns is beslis besig om hiertoe by te dra. Kommoditeitpryse is hoog en ons hoop dit sal diegene onder ons boere wat geplant het, help om van die verliese wat gedurende die droogtes gely is, te verhaal. Wees veerkragtig en staan vas!

Beste groete

Steve Thurtell
Besturende direkteur

Ns. Te midde van moeilikhede lê geleenthede. – Albert Einstein

Nns. Wanneer 'n uitdaging kom, soek 'n pad daardéur, nie daarúit nie. – David Weatherford

DIE NUWE FALCON-VLEËLSNYER



Met die rand op ‘n rekordlaagtepunt is dit ‘n goeie tyd om nog ‘n plaaslikvervaardigde produk tot die Falcon-implementreeks toe te voeg. Falcon het baie jare lank ‘n reeks vleëlsnyers en -stokkiekappers ingevoer wat baie suksesvol blyk te gewees het. ‘n Groeiende belangstelling in die gebruik van vleëlsnyers vir weidingbobedekking beteken dat die tyd aangebreek het vir plaaslikvervaardigde snyers wat die vermoë het om hierdie werk doeltreffend en koste-effektief te verrig. Die konstruksie van die Falcon-vleëlsnyer is gebaseer op die lesse wat oor baie jare se ondervinding met die ingevoerde modelle geleer is, tesame met ons plaaslike kennis van ons unieke Suid-Afrikaanse toestande en spesifieke vereistes in die veld.

Die nuwe grassnyers is oor die afgelope jaar in baie verskillende toestande aan omvattende veldproewe onderwerp, en die algemene mening onder die boere wat hierdie proewe uitgevoer het, is dat ons alles reg gedoen het! Die snyers, in groottes van 1,5 tot 2,3 m, word tans vervaardig en sal in Mei vanjaar amptelik by NAMPO bekendgestel word. Intussen is proewe aan die gang in boorde en wingerde, waar die snyers gebruik word om snoeisels fyn te kap, te vermolm en te laat droog, terwyl die gras en plantegroei tussen die bome en wingerde in stand gehou word.

Die ingenieurs in die Navorsing-en-ontwikkelingspan by Falcon het toegang tot die nuutste CAD- (Computer-aided design-) programme, dus is volledige ingenieurstekeninge, digitale prototipes en komponentlyste beskikbaar voordat vervaardiging begin. Digitale prototipering beteken aansienlike besparings voordat die eintlike prototipes fisies gebou word en maak behoorlike kosteberekening moontlik ten einde te verseker dat die finale ontwerp so doeltreffend en koste-effektief as moontlik is.

Die regte tyd om dit plaaslik te bou

UITVOERNUUS

Op 26 en 27 Oktober 2015 was alles en almal by Falcon Agricultural Equipment (Edms.) Bpk. in Merrivale, KwaZulu-Natal oorgehaal vir die laai van 62 Falcon-vervaardigde implemente in twee 40-voet-houers.

Die vrag het bestaan uit Falcon-wentelsnyers en Hooimakers® met 1,5 m- en 2 m-snywydtes en toegerus met die beproefde en bewese F50- en F80-Falcon-vervaardigde ratkaste. Die houers is gelaai en die waardevolle inhoud veilig verpak, waarna die reis na Kenia en Uganda begin het, waar Mascor, ons aangewese handelaar, hulle aankoms ingewag het.

Alles het volgens plan verloop en ons handelaar in Uganda het laat weet dat die vrag gemaklik binne die beplande tyd, en in ‘n goeie toestand, by die onderskeie bestemmings aangekom het. Hy het bygevoeg: “Julle kan beslis vir baie maatskappye wys hoe om masjinerie korrek te versend. Die implemente het in ‘n uitstekende toestand hier aangekom en was baie goed verpak.”

Mascor Kenya is in Kisumu geleë, ‘n gebied waar graan, tee en mielies verbou word. Die meeste van die boerdery is droëlandverbouing, en dis die twee reënseisoene ‘n jaar met vlakke van tot 2 000 mm ‘n jaar wat hierdie gewasse en boerderypraktyke moontlik maak. Falcon-implemente is baie geskik vir die hantering van die digte plantegroei wat in hierdie toestande ontstaan. Oor die algemeen het boere met groot uitdagings te doen, soos hoë insetkoste, gebrek aan kredietfasiliteite, oorstromings, onvoorspelbare reënval of lae reënval in party gebiede, swak bemarkingskanale en gebrekkige fisiese infrastruktuur. Mascor Uganda is in Kampala geleë, en gewasse wat hier gekweek word, is soortgelyk aan dié in die aangrensende Kenia. Uganda is Afrika se grootste uitvoerder van koffie, wat ook een van die land se grootste valutaverdieners is. Die meeste gebiede ontvang gewoonlik baie reën. In sommige jare het klein gebiede in die suidooste en suidweste gemiddeld al meer as 150 mm ‘n maand gekry. Uitdagings vir boere sluit in die land se vervalle paaie, die bemarkingstelsel wat feitlik vernietig is, stygende inflasie en lae produsentepryse.

HANDELAAR-BROSJURESTAANDERS: TERUGVOER

Middel-2015 het ons streeksverkoopsbestuurders ons nuutontwerpte en spesiaalgeboude handelaar-brosjurestaanders begin versprei. Ons sê baie dankie aan al die handelaars vir die positiewe reaksies wat ons ontvang het, asook die bemoedigende insette met betrekking tot die oprig en tentoonstelling van die staanders. Terwyl ons nog besig is met die toewysing van die staanders, deel ons graag enkele foto's van ons nuwe staanders wat ons van party van ons handelaars ontvang het.

FALCON-PERSONEEL: INTERNE VERKOPE EN AMAZONE-ONDERDELE

Jou kans om die gesigte en die stemme bymekaar te bring!

Hier is die dames wie se missie dit is om elke handelaar se bestellings en navrae so spoedig moontlik te hanteer.

...en dan is daar Chris...

Chris het onlangs by die span aangesluit en sy sleutelverantwoordelikhede sal wees om te verseker dat Falcon te alle tye oor genoegsame en akkurate voorraadvlakke van Amazone-slytonderdele beskik. Dit sal ons toelaat om bestelde Amazone-onderdele binne 'n aanvaarbare omkeertyd aan al ons handelaars te lewer.

Amanda Strydom
Interne Verkope-spanleier

Liza Little
Interne Verkope-koördineerder

Angelique de Klerk
Interne Verkope-koördineerder

Chris Coucourakis
Amazone-produkspesialis

FALCON-FABRIEK SE JAAREINDVIERINGS

Falcon deel met trots sy genot om langdienstoekennings aan ses van sy fabriekspersoneellede te gee.

Elke jaar tydens ons jaareindfunksie kondig ons langdienstoekennings vir ons personeel aan. Ons is verheug om aan te kondig dat drie van ons fabriekspersoneel hulle 10de jaar by ons gedenk het, terwyl drie ander hulle 20ste jaar by Falcon gevier het.

Elke jaar beoog Falcon om aan sy fabriekspersoneel 'n jaareindgeskenk te gee uit erkenning vir hulle diens, en einde verlede jaar het elkeen 'n veelsydige baadjie en byderwetse pet ontvang.

Ons het hoë waardering vir elke diensnemer en sy of haar bydrae om jaar na jaar die Falcon-handelsnaam te bou.

10-JAAR-TOEKENNINGS

Percival Potgieter

Patrick Hlela

Bekabantu Radebe

20-JAAR-TOEKENNINGS

John Ngubane

Moses Zibuse

Zain Bhagwandin

SOSIALE VERANTWOORDELIKHEID - JONGSTE NUUS

Sedert ons laaste berig oor die God's Little Lambs-kleuterskool het ons die skool verder ondersteun deur 'n projek waarby ons nie kon wag om betrokke te raak nie. God's Little Lambs is 'n organisasie sonder winsbejag en is geseënd met talle individue wat omgee en met hulle tyd en vaardighede help, indien nie met geld nie, ten behoewe van die gemeenskap se kinders.

Die skool is die geleentheid gebied om uit te brei sodat hulle kan byhou met die hoë aanvraag uit die gemeenskap: die aangrensende eiendom, waarop 'n onvoltooide tweeslaapkamergebou gestaan het, het beskikbaar geraak. Toe alle onderhandelinge en regsbesprekings afgehandel was, het die skool die eienaar van die eiendom geword en het die projek afgeskop.

Falcon het bygedra deur relings vir die trappe te skenk, afskortings vir die seuns- en meisiestoilette, diefwering voor al die vernsterruite, en twee hekke vir ekstra veiligheid. Met die betrokkenheid van

baie ander gemeenskapsborge is die projek in 'n japtrap voltooi en in Desember 2015 het die gemeenskapspastoor hierdie tweede gebou by die amptelike opening geseën. Die skool kan nou maklik 150 kinders huisves en elke kind twee maal per dag van 'n maaltyd voorsien.